VOLKOME TOEGERUS: CHRISTELIKE ONDERSOEK VAN DIE BEGRIP VOLWASSENHEID

Dr Morné Diedericks

OPVOEDKUNDIGE SIELKUNDE EN DIE BEGRIP VOLWASSENHEID

Die vraag, "Wanneer is 'n persoon volwasse?" is 'n sielkundige sowel as filosofiese vraag. Die wyse waarop die verskillende vakdissiplines (Sielkunde en Filosofie) egter die vraag gaan beantwoord gaan verskil. Die Sielkunde sal die vraag beantwoord vanuit 'n deskriptiewe benadering. Dus sal die begrip bespreek word vanuit die praktyk en wat alles in die praktyk ervaar word. Die Filosofie sal die vraag probeer antwoord vanuit 'n preskriftelike of voorskriftelike wyse. Dus sal die vraag vanuit die Filosofie bespreek word vanuit die behorenseise. Die Filosofie (as tweede orde wetenskap) poog om die begrip 'volwassenheid' binne sy normatiewe verklaring in verband te bring met die begrip 'volwassenheid' soos dit binne die Sielkunde (as eerste orde wetenskap) beskryf word.[1]

As ouers vir hul kind sê: "Jy is nou volwasse", wat bedoel hulle. Wat het gebeur dat die kind skielik volwasse is. Het die kind 'n sekere ouderdom bereik? Is daar bepaalde verantwoordelikhede wat nou op die kind se skouers rus wat nie voorheen die geval was nie? Baie verwagtinge word gebind aan die woord volwassenheid.

As mens dink aan 'n persoon wat onvolwasse is, watter tipe eienskappe het so persoon? Dalk tree die persoon vreemd of onvanpas op binne bepaalde sosiale omstandighede, dalk neem die persoon nie verantwoordelikheid vir hul take nie of dalk is die persoon oor emosioneel. Watter eienskap ook al gekenmerk word aan onvolwassenheid, 'n samelewing kan nie funksioneer sonder volwassenes nie. So word 'n volwasse samelewing gekenmerk deur 'n samelewing met goeie werksetiek, lae diefstal en moord syfers, ens.

Vanuit 'n Reformatoriese vertrekpunt word volwassenheid beskou as die hoofdoel van opvoeding, maar ook vanuit talle ander filosofiese raamwerke word volwassenheid as die hoofdoel beskou. As volwassenheid beskou word as hoofdoel dan is die verklaring van wat met volwassenheid bedoel word van waarde. Deeglike studies aangaande die begrip volwassenheid is alreeds gedoen vanuit verskillende oorde binne die opvoedkunde. Een so studie wat melding verdien is 'n studie wat voltooi is in die tydperk tussen 1990-1993. Die studie is gedoen binne die Opvoedkunde Fakulteit van die Universiteit van Johannesburg met die tema: "Die analise en beskrywing van 'n aanvaarbare volwassenheidsbeeld wat rigtinggewend sal wees vir die onderwys wat voorsien behoort te word."[2] Die projek het skripsies en tesisse met die volgende onderwerpe bevat:

1. Finansiële bestuur as faset van volwassenheid.
2. Verantwoordelikheid vir die omgewing as faset van volwassenheid.
3. Godsdienssin as faset van volwassenheid.
4. Arbeidingesteldheid as faset van volwassenheid.
5. Aanvaarding van aanspreeklikheid as faset van volwassenheid.
6. Tydspersepsie en volwassenheid.
7. Gesinsverantwoordelikheid as faset van volwassenheid.
8. Staatsburgerlike verantwoordelikheid as faset van volwassenheid.

---

[1] "…If one tries to give an operational, psychological definition of a "mature" of "healthy" adult, then all one can give is a descriptive definition, not a prescriptive one, for psychology as it is currently practiced is a descriptive field. Philosophy focuses on moral prescriptions and ought's; psychology focuses on factual descriptions. So philosophy becomes relevant in clarifying the relationship between a "mature" adult, psychologically defined, and "mature" adult taken as normative notion (i.e., as something one ought to try to achieve)." (Moreland & Craig, 2003:25)

[2] Venter (1991:1)

9. Verantwoordelikheid as faset van volwassenheid.
10. Medemenslike verantwoordelikheid as faset van volwassenheid.
11. Selfkonsep en volwassenheid.

Vanuit al hierdie skripsies en tesisse kan ons sien dat volwassenheid in verskillende fasette van ‘n persoon se lewe en die samelewing bepaal kan word. ‘n Mens sal byvoorbeeld in een faset volwasse kan wees maar in ‘n ander faset weer onvolwasse. Vanuit die elf navorsingsprojekte word die begrip volwassenheid bespreek vanuit sy etimologiese ontwikkeling sowel as die toepassing van volwassenheid in ‘n sielkundige, opvoedkundige, godsdienstige en sosiale sin.

Etimologiese hou die begrip volwassenheid verband met die Engelse begrip “adult” wat ontwikkel het vanuit die Latynse begrip “aldultus” wat uit twee begrippe bestaan naamlik ad+olescere. Hierdie twee begrippe beteken “om heen te groei” of “om tot volle grootte of krag te groei”. Dit is vanuit hierdie Latynse begrip wat die term “adolosensie” ontwikkel het. Die Duitse woord vir volwassenheid is “erwacshen” wat dui op iets wat “klaar gegroei het”.[3] Vanuit die etimologiese ontwikkeling van die begrip volwassenheid kan mens aflei dat volwassenheid te doen het met iets of ‘n persoon wat gegroei of ontwikkel het tot op ‘n bepaalde vlak.

Vanuit die bespreking van volwassenheid vanuit ‘n Sielkundige oogpunt staan dit in verband met die bepaling van geskikte gedrag binne ‘n bepaalde konteks. ‘n Volwasse persoon word byvoorbeeld gesien as:[4]

- iemand wat ‘n hoë mate van voorspelbaarheid toon in hul verhoudinge met ander mense,
- persone wat bewus is van hul eie verantwoordelikhede,
- persone wat oor die vermoë beskik om aan te pas by omstandighede,
- persone wat sterk sin van self verstaan het, dus mense wat hul eie gawes, talente en belangstellings kan identifiseer, maar terselfdetyd hul eie tekort kominge en sondes kan identifiseer.

Vanuit die sosiale sin het volwassenheid te doen met die regte of gepaste optrede binne ‘n bepaalde sosiale maar ook kulturele konteks. Hierdie regte en gepaste optrede het te doen met ‘n nou verband tussen kennis van die bepaalde sosiale konteks, en die neem van verantwoordelikheid binne ‘n bepaalde sosiale konteks. Sonder kennis van byvoorbeeld finansiële bestuur kan ‘n persoon maklik onvolwasse optree in die hantering van hul eie finansies. Binne die sosiale ordes het volwassenheid dus te doen met ‘n **sterk komponent van kennis** en die persoon se **vermoë om verantwoordelikheid** te neem vir hul optrede binne die bepaalde sosiale konteks.[5]

Vanuit ‘n opvoedkundige oogpunt word begrip ‘volwassenheid’ veral in twee terme beskryf. Die eerste begrip is in terme van die lewenslange leerder. Binne die opvoedkundige proses word volwassenheid nie beskou as ‘n voltooide proses nie, maar as iets wat voortdurend is. In die sin hou volwassenheid nie altyd verband met die bereiking van ‘n bepaalde ouderdom nie, maar eerder met die bereiking van kennis en gepaste optrede.[6] Vanuit die Opvoedkundige Sielkunde of Ontwikkeling Sielkunde word volwassenheid veral bespreek in die **bereiking van sommige mylpale.**

Navorsing binne Opvoedkundige Sielkunde aangaande volwassenheid fokus veral op die lewenfases van adolessensie.[7] Die oorgangsfase van adolessent na volwassene (AV) het as gevolg van die sosiale en

[3] Bosch (1991:4) & Venter (1991:3)

[4] Bosch (1991:4), Venter (1991:3) & Pieterse (1991:5)

[5] Pieterse (1991:5)

[6] Venter (1991:3)

[7] Wood *et.al* (2018)

ekonomiese omstandighede van die afgelope paar jaar moeilik begin raak. Die groot klem op individualisme en die uitvloeisels van selfontwikkeling plaas groot druk op die adolessensie fase wat 'n toename in siektes en selfmoord begin sien.[8]

Hoewel bloot universele kategorisering van ontwikkelingsfases problematies is,[9] word die adolessensie tyd ingedeel tussen 17-20 jaar.[10] Die rede waarom hierdie tydperk gebruik word is omdat dit oor die algemeen die oorgangsfase is van die kind wat nog in sy ouers se huis is en dan uit die huis uit beweeg. Hierdie jare word ook beskryf as die 'vryejare'. Gedurende hierdie tyd vind daar groot identiteitsontwikkeling by mense plaas en grensbepaling ten opsigte van mense se verstaan van liefde, werk en lewensvisie. 'n Stabiele oorgang in hierdie fase verhoog gesonde verhoudinge in die toekoms, persoonlike gesondheid en stabiliteit.

Die jare tussen 18-28 word beskryf as die mees dinamiese en komplekse tyd ten opsigte van die persoonlike, sosiale, emosionele en neurologiese veranderinge.[11] Hierdie fase in 'n mens se lewe kan gesien word as 'n "roller coaster". Die opbou tot die fase verg veel emosionele en morele stabiliteit, maar sodra die toppunt van die fase se oorgang van AV bereik is, dan is daar nie omdraai kans nie. Teen geweldige snelheid beweeg 'n persoon van 'n adolessent na 'n volwassene, van afhanklikheid na onafhanklikheid, van minimale verantwoordelikheid na alleen verantwoordelikheid, van huisbewoner na 'n eienaar, van 'n dogter na 'n moeder. Ingedruk in hierdie kort tyd is hope emosies, wat verander in 'n kort tyd, draaie en rigting veranderinge in 'n oomblik.

Christen opvoeders wat jongmense voorberei vir die oorgang van adolessensie na volwassenheid (AV) is reeds deur die rit. Voorbereiding vir hierdie onvermybare tyd is van kardinale belang en grondige kennis oor wat alles nodig is vir jongmense om met moed hierdie tyd tegemoet te stap speel 'n groot rol in die suksesvolle vestigging van gesonde gesinstrukture en sodoende sosiale strukture. Elke persoon vat in die AV fase saam met hulle die tas wat hulle oor die jare opgebou het. In hierdie tas is verskillende hulpmiddels wat die jongmens help om te ontwikkel deur die fase. Die tas kan of klomp gesonde hulpmiddels in hê wat die oorgang in hierdie fase vergemaklik of die tas kan vrot of geen hulpmiddels hê nie. Navorsing ten opsigte van die oorgang van kind wees na adolessensie en van adolessensie van volwassenheid toon aan dat die uitstel van die fases beter resultate opgelewer het ten opsigte van biologiese en sosiale stabiliteit tydens volwassenheid.[12] In Afrikaans sal die uitdrukking '**vroeg ryp, vroeg vrot'** hiermee verband hou.

Wood *et.al* bied 'n handige konseptuele raamwerk oor aspekte wat 'n rol speel in die suksesvolle of onsuksesvolle benadering tot die oorgang na volwassenheid. Hulle deel die konseptuele raamwerk in drie dele:[13]

1. Makro – vlak: Historiese en sosiale invloede.
2. Meso – vlak: Ouer-kind verhouding, familie strukture, sosiale status.
3. Mikro – vlak: Kognitiewe ontwikkeling, persoonlikheid en emosies (emosionele intelligensie).

---

[8] "While not all life course or developmental scientist agree that emerging adulthood constitutes a new developmental stage, there is agreement that social and economic forces have prolonged entry into adulthood and with significant role and developmental challenges beyond the traditional adolescent years." (Cote, 2014)

[9] Cote (2014) & Matthews (2009:162)

[10] Wood *et.al* (2018:123)

[11] "For the 10 years between 18-28, the vast majority of emerging adults change living situation, change their primary relationships, complete education of vocational preparation, get married, have children, and transition from adolescent/dependent roles to adult/independent roles." (Wood et.al, 2018:124)

[12] Bogin (2013)

[13] Hoewel hierdie verskillende vlakke eerder binne die veld van Opvoedkundige Sielkunde behandel word is dit vir die filosofie belangrik om die kern temas en hul grondliggende teorieë te identifiseer en te ondersoek.

1. **Makro – vlak: Historiese en sosiale invloede**

Voor die Postindustriële era was die bereiking van volwassenheid hoofsaaklik bepaal deur die vermoë van ‘n persoon om hul tot ‘n vaste verhouding te verbind soos in die geval van ‘n huwelik. Die geskikte tyd om in die huwelik te tree het byvoorbeeld ook verskil van die historiese- en sosiale konteks. Waar dit vandag vreemd sal wees as ‘n veertienjarige trou was dit nie so vreemd gewees honderd jaar gelede nie. Die wyse waarop huwelik beskou is deur die eeue het ook verander en sodoende ook die rol van die man en die vrou in die huwelik. Waar die man in die verlede al beskou is as die broodwinner en die vrou as die huishouer. Die sosiale en ekonomiese veranderinge het gemaak dat die filosofie rondom die beskouing van die man en die vrou ook verander het. Die man en vrou word deur talle mense vandag eerder beskou as beide die broodwinners en huishouers.

Die huwelik of toewyding tot ‘n bepaalde verhouding word nie vandag meer beskou as die bepaling van volwassenheid nie, maar eerder die karakter eienskappe wat ‘n persoon besit bepaal of ‘n persoon volwasse is of nie Die top drie karakter eienskappe sluit in:

1. Die aanvaarding van verantwoordelikheid vir jouself
2. Om onafhanklike besluite te kan neem
3. Finansiële onafhanklikheid

Hierdie beskouing pas by die Postmoderne filosofie wat die fokus verskuif na die individu en die individu se selfontwikkeling en persoonlike gevoel. Vanuit ‘n Christelike lewensvisie is die onderrig van wat ‘n gesonde verstaan van die huwelik en die verskillende rolle binne die huwelik belangrik binne die makro – vlak (Historiese en sosiale invloede). Die onderrig oor gesinstrukture en die wyse waarop ‘n gesin binne die samelewing funksioneer is die toerusting wat ‘n adolessent saam met hulle neem in die AV fase. Die beste wyse van onderrig ten opsigte van gesin funksionering is nie deur boeke kennis of teorieë nie, maar deur die **praktiese voorbeeld** wat die kind sien.

Die gesonde gesinstrukture vorm deel van die sosiale kapitaal van ‘n gemeenskap. Sosiale kapitaal (Sosiale Leer Teorie) is nie finansiële kapitaal wat bekend staan as gesonde norme en waardes wat oorgedra word van geslag tot geslag binne gesinne. Hierdie oordrag van gesonde norme en waardes aan kinders help hulle om hul eie stabiele gesinstrukture en ander sosiale strukture later in die lewe te skep. ‘n Voorbeeld hiervan is ‘n pa wat vir sy kinders leer om hard te werk, maar ook self in die oggende opstaan regmaak vir werk, dag vir dag werk toe gaan en die gesin versorg.

Vanuit die makro-vlak van ontwikkeling speel die konsep van “verantwoordelikheid” ook ‘n belangrike rol. Verantwoordelikheid word deur talle akademici gebruik as ‘n maatstaf vir volwassenheid. Die bespreking van die begrip “verantwoordelikheid” bring egter talle nuwe filosofiese probleemstellings na vore. Hierdie probleemstellings sluit onder andere in teenoor wie ‘n persoon verantwoordelik is, hoe gesag verstaan moet word, hoe gedink word oor rewolusie of stakings, ens.

2. **Meso – vlak: Ouer-kind verhouding, familie strukture, sosiale status**

Vanuit die makro-vlak wat gaan oor sosiale strukture in die samelewing beweeg die meso-vlak nader aan die persoonlike verhoudinge van die kind in of adolessent in die familie en samelewing. Taalstudies toon aan dat gesonde ouer-kind verhouding ‘n enorme impak het op die positiewe oorgang in die AV fase. Uit hierdie navorsing het Gehegtheid Teorie ontwikkel. Die teorie lui dat die positiewe band wat gevestig is tussen ouer en kind in die kind se verdere ontwikkeling help met die hantering van emosioneel belaaide of stresvolle

situasies. Verder help **gesonde verhoudinge** met hul ouers ook om gesonde verhoudinge later in hul lewe met mense te sluit.[14]

Vanuit navorsing oor die ouer-kind verhouding en die effek daarvan op die AV fase het die Sosiale Leer Teorie ontwikkel. Die teorie sê dat die styl van interaksie wat 'n kind leer by sy ouers en familie ook oorgedra word in die wyse waarop die kind later jare as volwassene gaan optree teenoor ander mense. Vanuit die filosofie praat mens van nabootsing. **Nabootsing** van ander mense of gemeenskappe is die wyse waarop mense deur die eeue hulleself en eie omstandighede verbeter het.

Alternatiewelik het die kweek van swak verhoudinge 'n baie negatiewe invloed op die kind se eie vorming van verhoudinge later in hul lewe. Dit kan vergelyk word met 'n siekte of 'n hindernis wat 'n kind rem om te ontwikkel. Gesonde kinders ontwikkel makliker en leer makliker. Net so is psigiese gesondheid gebind aan die ouer kind verhouding. Onderwysers identifiseer in die sin nie net fisiese siektes of hindernisse nie, maar ook geestelike en psigiese hindernisse. Die onderwyser as opvoeder kan nooit die ouer vervang nie, maar die onderwyser tree op as 'n verlengstuk van die ouerhuis indien die ouers en onderwyser se lewensvisie ooreenstem. Indien die kind of adolessent nie 'n gesonde verhouding met hul ouers by die huis het nie, dien die onderwyser as opvoeder as 'n vorm van intervensie. Intervensie in die sin dat die onderwyser vir die kind dien as 'n goeie voorbeeld van gesonde sosiale interaksie, maar nooit in die oorneem van die ouerskap rol nie.[15]

Deel van die meso-vlak is sosio-ekonomiese omstandighede. Navorsing bevestig die voor die hand liggende dat gesonde sosio-ekonomiese omstandighede lei tot gehalte lewens kwaliteit. Die teendeel is natuurlik dat byvoorbeeld wanvoeding verband hou met lae lewens- gehalte en verwagting. Aan die anderkant is daar ook talle navorsing wat aantoon dat kinders van lae Sosiale Ekonomiese Status (SES) deur middel van intervensie programme vinnig kan opvang in die ontwikkelingsfase en dat die dryf om te wil presteer groot vrugte kan oplewer. In samehang met SES speel die individu se persoonlike karakter eienskappe ook 'n groot rol die AV fase.

Filosofiese besinning binne die meso-vlak handel onder andere oor wat 'n gesonde verhouding tussen ouers en kinders behels, die etiese grense in die verhouding tussen die kind of adolessent met die onderwyser, skool of staat en hierdie belangegroepe se verantwoordelikheid binne Sosiale Ekonomiese Status van kinders of adolessente. Verder ook die besinninge oor gesonde en ongesonde opheffings projekte asook die gevolge van sommige ekonomiese stelsels.

3. Mikro – vlak: Kognitiewe ontwikkeling, persoonlikheid en emosies (emosionele intelligensie)

Onder mikro – vlak van ontwikkeling word aspekte soos die kognitiewe ontwikkeling, identiteitsvorming en veerkragtige vermoë (die vermoë om aan te pas binne stresvolle omstandighede) behandel.

3.1 Kognitiewe ontwikkeling

[14] Wood et.al (2018:127)

[15] "Adverse events experienced in childhood such as parental divorce or alcoholism or the experience of abuse are major risk factors for the leading causes of illness and death as well as poor quality of life in adults in the USA." (Wood et.al, 2018:127)

Soos wat ‘n persoon groei in volwassenheid neem die vermoë toe om probleme makliker op te los, geduldig te wag, onnodige aktiwiteite uit te sny en vinniger en makliker take te verrig. Verder het kognitiewe ontwikkeling ook te doen met die vermoë om op eie emosies te reflekteer en dus groei te toon in selfbewussyn.[16]

Navorsing het getoon dat die blootstelling aan kroniese spanning tydens die kinderjare ook kognitiewe ontwikkeling belemmer. Dit sluit byvoorbeeld in ouers wat deur ‘n egskeiding gaan, mishandeling, ens. Die effek van die gebrek aan kognitiewe ontwikkeling is belangrike fases van ‘n persoon se lewe en neurologiese skade of gebrekkige neurologiese ontwikkeling het ‘n negatiewe effek op jongmense se AV fase. Hierdie negatiewe effek sluit in impulsiewe en aggressiewe gedrag, kriminele aktiwiteite, alkohol of dwelm misbruik. Die loopbaan keuses word ook op ‘n negatiewe wyse beïnvloed.

3.2 Identiteitsvorming

Deel van die mikro-vlak invloed op die AV fase is die vorming van ‘n persoon se identiteit. Vanuit die sielkunde word identiteitsvorming ingedeel in hoofsaaklik die vorming van die selfbewussyn of die ego, die ontwikkeling van die karakter eienskappe want individueel diversifiseer, die sosiale demensies wat bepaal hoe die persoon hul gemeenskap sien en ook hoe hulle hul rol in gemeenskap of samelewing verstaan.

Hierdie aspekte van identiteitsvorming vind dwars deur ‘n persoon se lewe plaas, maar dit is in die AV fase veral waarin die grootste blokke van identiteitsvormig neergelê word. As gevolg van die postindustriële tyd en die inligtings rewolusie word die tydperk van intense identiteitsvorming volgens navorsing uit die veld van sielkunde verleng, omdat die tydperk van studies verleng is.[17]

3.3 Veerkragtigheid

Die derde aspek van de mikro-vlak invloed op die AV fase is ‘n persoon se vermoë om aanpasbaar te wees binne stresvolle omstandighede. Binne die oorgangsfase van die AV vind geweldige groot veranderinge plaas en ook groot besluite moet geneem word. Groot besluite ten opsigte van wat se soort werk ‘n persoon vir die res van jou lewe wil doen, met wie jy gaan trou, hoe jy die man en vrou se rol in die samelewing sien, hoe jy dink oor kinders en kinderopvoeding.

In die AV tyd gebeur daar ook dinge wat veranderinge meebring wat ‘n persoon nog nooit ervaar het nie, soos liefdes teleurstellings wat nog nooit op so intense wyse ervaar is nie, rigting verandering in ‘n beroep, finansiële verantwoordelikhede en moontlike finansiële besluite wat spanning veroorsaak. Al hierdie nuwe spanningsvolle situasies verg ‘n reaksie en daardie reaksie het ‘n groot invloed op waar ‘n persoon hulleself vind later in die lewe.

Binne hierdie drie mikro-vlakke van ontwikkelinge naamlik kognitiewe ontwikkeling, identiteitsvorming en veerkragtige vermoë is veral van belang vir filosofiese besinning oor die verband tussen die kognitiewe (rede) en geloof, die wyse waarop ‘n persoon tot kennis kom (epistemologie), aspekte wat in ag geneem moet word by identiteitsvorming en onderrig van aanpasbaarheid tydens veranderinge.

Die Bybelse begrip van volwassenheid bring ‘n verdere dimensie binne die ontwikkelingsfase vanaf ‘n adolessent na ‘n volwassene. In die sin kan ‘n persoon, fisies volwassene wees, maar nog glad nie emosioneel nie. So ook kan ‘n persoon emosioneel volwasse wees maar glad nie geestelik nie. Die volgende hoofstuk bespreek kern lyne binne die opvoedkunde vanuit die Woord van God. Die begrippe volwording of

---

[16] “Studies have demonstrated that exposure to chronic stress during childhood (e.g., poverty) or experiencing adverse childhood events (e.g., child maltreatment, neglect, parental divorce, parental substance abuse) may cause detrimental impact to the developing brain.” (Wood et.al, 2018:129)

[17] Wood et.al (2018:129)

volwassenheid speel ‘n sleutel rol in die denke van opvoedkunde en Christene se visie op volwassenheid speel ‘n kern rol in hul denke oor die doel van opvoeding.

DIE BYBEL EN VOLWASSENHEID

Die Nuwe Testamentiese skrywers nooi Christene deurlopend uit om te begin met die pad van volwassenheid. Volwassenheid begin deur die wysheid van God te leer ken.[18] Volwassenes besef dat hulle glad nie in hulle verhouding met God is waar hulle moet wees nie.[19] Afhanklikheid van God en nederigheid voor God is eienskappe van volwassenes in die geloof. Volwassenes is geoefen in die Woord van God en word gekenmerk deur hulle Skrif kennis en vermoë om vanuit die Skrif te onderskei tussen reg en verkeerd.[20] Volwassenes streef ook in hul verhouding met God na volkome heiligheid.[21]

Die hoogtepunt van die teksgedeelte in Timótheüs is volwasse wording. Die mens van God of God se mens, direk vanuit die vertaling, dui op God se kinders wat opgevoed word tot volwassenheid of volkomenheid. Die woord wat hier gebruik word vir volkome (ἄρτιος)[22] dui op ‘n persoon wat die eise bereik, wat gekwalifiseerd is, wat gereed is of iets wat perfek pas. Die beeld wat gebruik word in die Skrif vir die bou van die tempel is dat die stene wat gebruik word om die nuwe tempel te bou, lewende stene is wat uit mense bestaan. Om hierdie stene presies te laat pas beteken dat die Here aan die mens moet kap en beitel, sodat die mens presies pas, op sy plek. Dit is waarmee die Here besig is as Hy die mens vorm in opvoeding, met die doel dat die mens presies pas, of volkome pas waar die Here wil hê dat sy mense moet pas.

Die begrip volkome sluit ook die aspek van assessering in. Om te weet of die steen gaan pas op die regte plek, moet dit gemeet en gepas word. Assessering is ‘n belangrike deel van opvoeding. Vir die assessering om effektief te geskied is regulering ook nodig. Regulering is soos stutpale langs die pad wat help dat die doel bereik kan word. Die weg van opvoeding het bepaalde mylpale wat bereik kan word. In ‘n postmoderne samelewing is woorde soos evaluering taboe, omdat een mens nie ‘n ander mens mag oordeel of beoordeel nie. Die Skrif eis egter dat God se kinders elke dag hul lewe moet beoordeel teenoor die maatstaf van die Woord. Net so sluit die taak van opvoeding ook gereelde evaluering in.

Onvolwassenheid het te doen met kinderlike denke. Kinderlike denke en kinderlike geloof moet nie verwar word nie. Kinderlike geloof is goed, omdat dit God se Woord onvoorwaarlik glo. Kinderlike denke is om onkrities om te gaan met alle idees en denke. In die sin het onvolwassenheid te doen met onstabiliteit en onvoorspelbaarheid. Dit is as ‘n persoon een dag sê ja en die volgende dag weer sê nee. Volwassenes se ja is ja en hulle nee is nee. Onvolwassenes aan die anderkant:

---

[18] “Tog spreek ons wysheid onder die volwassenes, maar ‘n wysheid nie van hierdie wêreld, of van hierdie wêreld se heersers, wat vergaan nie.” (1 Korintiërs 2:6)

[19] “Broeders, moenie kinders wees in die verstand nie, maar wees kinders in die boosheid en wees volwassenes in die verstand.” (1 Korintiërs 14:20)

[20] “Want hoewel julle vanweë die tyd leraars behoort te wees, het julle weer nodig dat ‘n mens julle die eerste beginsels van die woorde van God moet leer, en julle het weer behoefte aan melk en nie aan vaste spys nie. Want elkeen wat melk gebruik, is onervare in die woord van geregtigheid, omdat hy ‘n kind is. Maar vaste spys is vir volwassenes, vir die wat geestesvermoëns besit deur die gewoonte geoefen, om goed van kwaad te onderskei.” (Hebreërs 1:12-14)

[21] “totdat ons almal kom tot die eenheid van die geloof en van die kennis van die Seun van God, tot ‘n volwasse man, tot die mate van die volle grootte van Christus.” (Efesiërs 4:13)

[22] **ἄρτιος**, α, ον, (ἄρτι) *complete, perfect of its kind, suitable, exactly fitted;* ἄρτια βάζειν to speak *to the purpose* (cf. ἀρτιεπής), ἄρτια ᾖδη thought things *agreeable,* was of the same mind, Id.:-*meet, right, proper,* Solon, Theogn. **2.** c. inf. *prepared, ready,* to do a thing, Hdt.

- Praat soos ‘n kind – Onsamehangende en onvanpaste taal
- Dink soos ‘n kind – Ongevormde kinderlike opinies
- Redeneer soos ‘n kind – Het ‘n gebrek aan logika

Die pad van volwassenheid begin by ‘n sondebesef. Die sondeval het fragmentering veroorsaak. Soos ‘n bom wat skrapnel veroorsaak, so het die sonde die mense se lewe uit mekaar gefragmenteer. Sonde het die mens los van sy verhouding met God gemaak. Deel van volwassenheid is om te besef dat jy nie in die regte verhouding met God staan nie en dat jy ‘n gefragmenteerde lewe leef. Dus die besef dat jy nie volmaak (perfek) is nie. Vanuit hierdie onvolmaaktheid soek die volwassene die verhouding met God in nederigheid weer op. Waar die ingesteldheid van nederigheid en nietigheid die kenmerk is van ‘n persoon op die weg van volwassenheid is die ingesteldheid van hoogmoedigheid en selfvoldaanheid die tekens van die weg van onvolwassenheid.

Christelike opvoeding se hoofdoel is volwassenheid. Op aarde sal daardie volwassenheid nie bereik word nie. Om hierdie rede is God nooit klaar met die opvoedingstaak van sy kinders nie. In die sin kan ons onvolwasse, volwassenes kry en ook volwasse, onvolwassenes. Volwassenheid in die Skrif word gemeet aan die geloofsgroei van ‘n persoon. Hoe hartseer is dit nie as ‘n ou oom onvolwasse is in die geloof nie en steeds homself besighou met onsinnige praatjies. Hoe mooi is dit aan die ander kant, as ‘n jongmens hul volwassenheid in die geloof toon. Die Bybelse begrip vir volwassenheid is om gevorm te wees deur God vir die doel wat Hy met sy kinders het. In God se vorming van sy kinders tot volwassenheid gee Hy verskillende gawes. Hierdie gawes sluit in die Bybel, predikers, onderwysers, ouers, vriende en familie.

BRONNE

Bogin, B. 2013. Chapter 2, Childhood, adolescence and longevity: A chapter on human Evolutionary life history. In B. Hewlett (Ed.), Adolescent identify: Evolutionary, cultural and developmental perspectives. New York: Routledge.

Bosch, L.E.E. 1991. Arbeidingesteldheid as faset van volwassenheid. Universiteit van Johannesburg: Skripsie.

Bromiley, G.W., 1985. Theological Dictionary of the New Testament, edited by Gerhard Kittel and Gerhard Friedrich, translated by Geoffrey W. *Bromiley: Abridged in One Volume. Grand Rapids, MI: Eerdmans*.

Cote, J.E. 2014. The dangerous myth of emerging adulthood: An evidence-based critique of a flawed developmental theory. Applied Developmental Sciene, 18(4):177-188.

Moreland, J.P. & Craig, W.L. 2003. Philosophical Foundations for a Christian Worldview. Downers Grove: Intervarsity Press

Pieterse, D.J. 1991. Aanvaarding van aanspreeklikheid as faset van volwassenheid. Universiteit van Johannesburg: Skripsie.

Venter, E. 1991. Medemenslikhied as faset van volwassenheid. Universiteit van Johannesburg: Skripsie.

Wood, D., Crapnell, T. Lau, L., Bennett, A., Lotstein, D., Ferris, M. & Kuo, A. 2018. Emerging Adulthood as a Critical Stage in the Life Course. *In* Handbook of Life Course Health Development, p. 123-143.

Datum: Augustus 2019